Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 13/2018 **5 Junie 2018**

Geagte Ouers

Ons bring graag die volgende onder u aandag:

1. Eksamen

Soos almal reeds weet, begin die eksamen op Donderdag, 7 Junie 2018. Ons doen 'n vriendelike beroep op ons leerders om hard te leer en dat ons ouers asseblief hul kinders sal ondersteun.

2. Buitemuurse aktiwiteite

Van die buitemuurse aktiwiteite sal in skooltyd plaasvind. Ons wil die leerders in die middae die geleentheid gee om te leer. Daar sal dus geen buitemuurse aktiwiteite in die middae plaasvind nie. Die "sportakademies" gaan moontlik voort. Die afrigters van die onderskeie akademies sal dit bepaal. Elke ouer moet self besluit of hulle kinders die sportakademies gaan bywoon.

3. Rugby

Baie geluk aan die o/10 en 1ste rugbyspanne wat naaswenners is in 'n baie sterk liga. Ons is baie trots op hulle. Dankie aan hulle afrigters vir die harde werk.

Die twee spanne speel nou in die Gauteng Leeus uitspele. Ongelukkig vind die uitspele plaas in die tyd waarin ons eksamen skryf. Ons doen 'n vriendelike beroep op die leerders om vooruit te leer.

4. Kersfees in die winter

Ons wil weer 'n vriendelike versoek aan al ons ouers rig wat in staat is om ons te help om nie-bederfbare voedsel, skoolklere en gewone klere wat te klein vir u kind is, asseblief na die skool te stuur.

Daar is 'n groot behoefte in ons gemeenskap, baie van ons leerders kry baie swaar. Ons wil hulle baie graag help, mens weet nooit wanneer ons die hulp van ander nodig het nie.

admin@dagbreek.co.za

5. Rapporte

Leerders ontvang hulle rapporte op Vrydag, 22 Junie 2018.

6. Verjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel met hulle verjaarsdae:

- Sondag, 3 Junie 2018 - Me. Lindia Nel
- Woensdag, 6 Junie 2018 - Me. Desré Oosthuizen

7. Skool sluit

Die skool sluit op Vrydag, 22 Junie 2018 om 10:00.

8. "The Communicator"

As u nie reeds die "Communicator" gebruik nie, doen ons 'n vriendelike beroep op u om die app te laai. Baie belangrike inligting word op die Communicator gelaai. Volg die volgende instruksies:

http//www.d6.technology.com/download/school. Wanneer u dit gaan aflaai, klik eers op "save" en dan op "run". U kan die D6 Communicator ook op u selfoon of tablet installeer. Daar is verskillende "apps" vir u iPhone en Android wat u vanaf die "app" of "play store" gaan aflaai. Vir enige ander toestelle gaan na www.schoolcommunicator.mobi om toegang tot die "mobi site" te kry.

As dit nie vir u moontlik is nie, kan u kind Dinsdae by die admin kantoor uitvind of daar 'n omsendbrief is.

9. Gedagte van die week

"People see only what they are prepared to see." – Ralph Waldo Emenson

Vriendelike groete

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof